## HALFJAARLIKSE INKOMSTEBETALING

**Tshwane, 26 September 2025** – Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) doen 'n beroep op alle belastingpligtiges wat betalings aan SARS moet maak, om dit so vroeg as moontlik te doen om onnodige vertragings, boetes en rente vir laat betaling te vermy.

Alle belastingpligtiges wat betalings aan SARS deur verskeie platforms maak soos eFiling, EFO en betalings by banke, kan verseker wees dat hierdie betaalplatforms robuust, veilig en betroubaar is. Hierdie digitale platforms voldoen aan internasionaal-erkende standaarde en is gebruikersvriendelik – dit stel belastingpligtiges in staat om met SARS sake te doen en aan hul wetlike verpligtinge te voldoen.

SARS maan belastingpligtiges om uiters waaksaam te bly en hul persoonlike besonderhede vertroulik te hou. Jou aanmeldbewyse op alle finansiële platforms is voortdurend in gevaar. Daar was reeds talle pogings deur bedrieërs om belastingpligtiges te bedrieg. Belastingpligtiges word daaraan herinner dat SARS hulle nooit sal vra om enige skakel te gebruik om met hulle te kommunikeer nie. Alle eFiling-gebruikers moet hul aanmeldbesonderhede beskerm en slegs van geregistreerde belastingpraktisyns gebruik maak.

Die maand van September verteenwoordig die halfpadmerk van die finansiële jaar, en SARS wil alle belastingpligtiges bedank wat deur hul belastingbetalings getrou tot die fiskus bydra.

Vir verdere inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za**.**